



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

SAAKGELASTIGDE SE KANTOOR:

NG Kerkentrum
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

Telefoon: 021-957-7104
Selfoon: 083-270-511
E-pos: bossie@kaapkerk.co.za
Web: <http://kaapkerkadmin.co.za>

20 Julie 2014

Artikel 1 – Omsendbrief 1

Beste Skriba

[Vir dringende aandag aan die Gemeente se leierskap, leraar(s) en kerkraadslede]

ARTIKEL 1: OMSENBRIEF 1 AAN GEMEENTES

Die NG Kerk is besig met 'n stemproses oor die Algemene Sinode se voorstel oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde (sien onder). Ons wil baie graag seker maak dat alle lidmate volledig ingelig is.

Die **Kerkbode** van **1 Augustus 2014** gee volledige aandag aan die Algemene Sinode se voorstel ter wysiging van Artikel 1. Gemeentes word aangemoedig om ekstra kopieë te bestel. Dit kos R611,00 vir elke 100 uitgawes. Vir groter bestellings is daar afslag. Gemeentes wat dit regtig nie kan bekostig nie, kan by die Sinode (die Saakgelastigde) aanklop vir 'n subsidie.

Hiermee vir oulaas 'n dringende oproep om dit te oorweeg om addisionele Kerkbodes te bestel. Dankie as Parow-Welgelegen dit reeds gedoen het!

Bestellings vir hierdie uitgawe moet asseblief voor of op Dinsdag 22 Julie 2014 by Charlene Kruger by charlene@tydskrifte.co.za geplaas word. Sy kan ook gebel word: 021-864-8278.

Hartlike groete

Ds AH (Bossie) Minnaar
Saakgelastigde

Telefoon: 021-957-7104 (Kantoor) of 021-981-2684 (Huis)

Selfoon: 083-270-5211

bossie@kaapkerk.co.za

Kerkorde Artikel 1 – Omsendbrief 1

Huidige Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
- 2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
- 2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.